## AANHANGSEL A

| ADDENDUM | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Besigheidstudies SS/NSS V2 MEI/JUNIE 2024** | | | | |
| **Vraag** | **Toevoegings** | **Redes** | **Pad vorentoe** | **Dinge om van kennis te dra** |
| | | | | |
| 2.2 | **Regte van gewone aandeelhouers**<br>Ken punte toe vir:<br>o vir die direkteure van die maatskappy te stem.√√<br>o kennis te ontvang/bywoning van Algemene Jaarvergadering om oor die maatskappy se prestasie te leer.√√<br>o Volledige openbaarmaking moet aan die aandeelhouers gemaak word deur hulle van afskrifte van alle finansiële verslae te voorsien.√√ | Hierdie feite verskyn in die DBO-handboek | Hierdie feit is te lank en moet as 'n aparte feit aanvaar word en moet 'n alternatief wees soos hieronder aangedui:<br>o voorlopige en jaarlikse verslae te ontvang/Volledige openbaarmaking moet aan die aandeelhouers gemaak word deur hulle van afskrifte van alle finansiële verslae te voorsien. | Verwyder die volgende feit uit die DBO-handboek omdat gewone aandeelhouers nie noodwendig net vir direkteure stem nie, maar dit word in kolpunt 1 in die nasienriglyn gedek.<br>o vir die direkteure van die maatskappy te stem. |
| 2.3.2 | **Voordele van Regering/RSA-kleinhandelspaareffekte as 'n beleggingsvorm**<br>Ken punte toe vir:<br>o Rente kan twee keer per jaar √ ontvang word. √ | Daar is uitgebrei oor hierdie feit vir toekomstige verwysing tydens die 2023-nasienstandaardiseringsvergadering. | Slegs die nuwe uitgebreide weergawe sal tydens toekomstige nasienprosesse twee (2) punte toegeken word. | Aanvaar die uitgebreide feit soos volg om dit akademies korrek te maak:<br>o Rente kan twee keer per jaar ontvang word wat dit 'n lewensvatbare beleggingsopsie maak. |
| 2.5 | **Impak van laissez-faire/vrye-teuels leierskapstyl**<br>**Positiewe/Voordele**<br>Ken punte toe vir:<br>o Leier motiveer werkers √ deur hulle te vertrou om dinge op hul eie/self te doen. √ | Die punt is uitgebrei soos aangedui op vorige jare se die Nasienriglyn. | Hierdie punt sal nie in die toekoms as korrek aanvaar word nie. | Aanvaar die uitgebreide feit soos volg om dit akademies korrek te maak:<br>o Leier motiveer werkers deur hulle vermoëns/vaardighede te vertrou om dinge self te doen. |
| | o Produktiwiteitsvlakke van die organisasie kan aansienlik toeneem√ omdat werknemers gewaardeer voel. √ | Soos dit in die DBO-handboek verskyn. | Hierdie punt sal nie in die toekoms aanvaar word nie. | Hierdie punt is opgegradeer om die akademies korrektheid daarvan uit te ligis:<br>o Gesag word gedelegeer, wat motiverend/bemagtigend vir bevoegde werkers is/ produktiwiteit verhoog. |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Nadele**<br>Ken punte toe vir:<br>o Werknemers kan huiwerig wees om beslissende aksies te neem, √ wat hul werkprestasie kan beïnvloed.√ | Dit verskyn as 'n afsonderlike punt in die DBO-handboek | Ken geen punte toe in die toekoms vir hierdie feit nie. | HDie feit as in kolpunt 2 in die 2024 nasienriglyn aangeteken. |
| | o Daar word van werkers verwag om hul eie konfliksituasies √ op te los.√ | Hierdie feit verskyn in die DBO-handboek | Die uitgebreide/saamgevoegde punt sal aanvaar word aangesien beide punte dieselfde betekenis het. | Hierdie punt sal in die toekoms soos hieronder uitgebrei in die nasienriglyn verskyn:<br>o Daar word van werkers verwag om hul eie konfliksituasies/verskille op te los sonder om hul leiers te betrek. |
| 3.2 | **Korrekte prosedures om griewe in die werkplek te hanteer**<br>Ken punte toe vir:<br>o Die saak kan na die Arbeidshof vir Appél verwys word as die werknemer nie tevrede is met die besluit van die KVBA nie. √√ | Die punt het in Q6.3 November 2023 Nasienriglyn verskyn | Hierdie punt sal in die toekoms aanvaar word. | Die punt in die nasienriglyn is soos volg uitgebrei om dit akademies korrek te maak:<br>o Die saak kan na die Arbeidshof/Arbeidsappèlhof/Konstitusionele hof verwys word as die werk-nemer nie tevrede is met die besluit wat deur die laer howe geneem is nie. |
| 3.5 | **Probleemoplossingstappe**<br>Ken punte toe vir:<br>o Identifiseer alternatiewe oplossings√√<br>o Kies die beste oplossing√√<br>o Formuleer/Ontwikkel 'n aksieplan/strategie√√<br>o Implementeer die aksieplan √√<br>o Evalueer die oplossing/aksie plan√√ | Soos dit in notas en ander hulpbronne verskyn. | Hierdie stappe sal nie in die toekoms as korrek aanvaar word nie. | Punte sal toegeken word vir stappe vir korrekte aanbieding soos volg:<br>o In Q3.1 November 2023 vir die noem van die probleemoplossingstappe.<br>o In Q3.5 Mei/Junie 2024 vir verduidelikings/besprekings van die probleemoplossingstappe. |
| 4.1 | **Faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word**<br>Ken punte toe vir:<br>o Persoonlike begroting√<br>o Beleggingsbeplanningsfaktore√<br>o Volatiliteit/Fluktuasies van die beleggingsmarkte/Ekonomiese stabiliteit√ | Inflasie en Belasting moet as alternatief aanvaar word soos aangedui op die Nasienriglyn | Hierdie faktore op bellegingsbsluite sal vir die laaste keer in hierdie Mei/Junie 2024-kohort aanvaar word: | Hou by die faktore soos aangedui in die 2021 Eksamenriglyne vir die toekoms:<br>o Opbrengs op belegging/OOB<br>o Risiko<br>o Beleggingstermyn/-periode<br>o Inflasiekoers<br>o Belasting<br>o Likiditeit |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.2 | **Funksies van die JSE**<br>Ken punte toe vir:<br>o Kanaliseer finansiële hulpbronne en vergemaklik verhandeling. √√ | Verskyn as 'n alternatiewe antwoord in vorige SS/NSS-nasienriglyne en in die DBO-handboek. | Hierdie ou weergawe sal nie as 'n alternatiewe antwoord in toekomstige nasienprosesse aanvaar word nie | Hierdie feit is opgeknap met 'n meer gedetailleerde antwoord wat aandui/verduidelik hoe die JSE handel as volg fasiliteer:<br>o Kanaliseer finansiële hulpbronne na produktiewe ekonomiese aktiwiteite. |
| 4.4 | **Faktore wat in ag geneem moet word wanneer daar vir 'n aanbieding voorberei word**<br>Ken punte toe vir:<br>o Berei/Druk uitdeelstukke voor/uit √ wat jy dalk met jou gehoor wil deel.√ | Soos wat dit in die DBO-handboek verskyn. | Hierdie feit vanaf die DBO-handboek sal in die toekoms verontagsaam woord. | Hierdie feit is eintlik deel van die ontwerp van visuele hulpmiddels wat anders uitgedruk word. |
| 4.7.2 | **Ander maniere waarop 'n besigheid werkloosheid kan hanteer**<br>Ken punte toe vir:<br>o Gebruik lede van die gemeenskap √ vir die implementering van KMI-projekte in die gemeenskap.√ | Soos wat dit in die DBO-handboek verskyn. | Hierdie feit vanaf die DBO-handboek sal in die toekoms verontagsaam woord. | Hierdie feit is dieselfde as kolpunt 2 in die 2024 nasienriglyn:<br>o Skep werksgeleenthede vir lede van die gemeenskap. |
| 4.8 | **Impak van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) op besighede Positiewe/Voordele**<br>Ken punte toe vir:<br>o Help met die oplossing van sosio-ekonomiese kwessies √ soos armoede/werkloosheid. √<br>o Besighede raak meer gemeenskapsgedrewe √ deur nou saam met die gemeenskap te werk om vaardigheidsontwikkelings-projekte van stapel te stuur. √ | Soos per 2021 Diagnostiese verslag bladsy 67 | Hierdie feite sal in die toekoms nie aanvaar word nie. Hierdie is vir die keer. | Hiedire feite sal in die toekoms slegs onder die voordele van gemeenskappe verskyn. |
| 5.2 | **Rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap**<br>Ken punte toe vir:<br>o Positiewe houding ontsluit leierskapspotensiaal. √√<br>o Entoesiasme gee selfvertroue aan 'n leier. √√ | Hierdie feite is dieselfde as in November 2023 | Ken punte vir die laaste keer toe | Feite is uitgebrei om akademies korrek te wees vir toekomstige verwysing.<br>o Positiewe houding ontsluit leierskapspotensiaal vir persoonlike groei.<br>o Entoesiasme gee 'n leier selfvertroue en inspireer hulle om nog harder te werk |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.4.2 | **Transformasie-leierskapsteorie**<br>Ken punte toe vir:<br>o verhoogde produktiwiteit √ | Die punt word gewoonlik in baie onderwerpe uitruilbaar gebruik sonder behoorlike betekenis/ relevansie. | Geen punte moet in die toekoms vir "verhoging van produktiwiteit" toegeken word nie. | Die bedoeling is om die verwarring onder kandidate te beperk m.b.t die toepaslike/relevante gebruik van 'verhoging in produksie' as 'n alternatiewe antwoord in verskeie onderwerpe |
| 5.5 | **Situasies waarop die transaksionele leierskapstyl in die werkplek toegepas kan word**<br>Ken punte toe vir:<br>o Die leier wil hê werknemers moet teikenvlakke oorskry.√√ | Vanuit die DBO-handboek | Hierdie feit vanaf die DBO-handboek sal in die toekoms verontagsaam woord. | Hierdie feit beteken dieselfde as kolpunt 5 in die 2024 nasienriglyn.<br>o Produktiwiteitsvlakke is baie lag/nie volgens teikens nie. |
| 6.2 | **Advantages of creative thinking in the workplace**<br>Ken punte toe vir:<br>o Bestuurders/Werknemers kan byhou met vinnig veranderende tegnologie. √√<br>o Verbeter motivering onder personeellede. √√<br>o Komplekse besigheidsprobleme kan opgelos word. √√ | Daar is uitgebrei oor hierdie feit vir toekomstige verwysing tydens die 2024-nasienstandaardise-ringsvergadering. | Hierdie onuitgebreide feite sal vir die laaste keer tydends die 2024-merkproses aanvaar word. | Punte sal slegs aan die nuut-uitgewerkte weergawe in toekomstige nasienprosesse toegeken word.<br>o Bestuurders/Werknemers kan met vinnig veranderende tegnologie byhou wat tot 'n vergrote markaandeel kan lei.<br>o Verbeter motivering onder personeellede wat tot hoër werkstevredenheid kan lei.<br>o Verbreed die moontlikheid vir 'n reeks oplossings wanneer komplekse besigheidsprobleme opgelos word. |

**DBE**

**UMALUSI**

**DATE: 10 JUNIE 2024**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 1
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION